Stellemploy

# 30 Hoopgewende Jare

2025 JAARVERSLAG

**Stellemploy is nie ’n kantoor vol leggers nie, maar ’n biblioteek vol stories van wanhopiges wat nou ’n gesin kan onderhou, van ongeskooldes wat vakkundiges geword het, van wordende entrepreneurs wat die gees van Stellemploy verder dra.**

– ds Jaco Coetsee, stigtersvoorsitter

# Inhoudsopgawe


Visie en Missie ..... 2

Die Direksie ..... 3

Voorsittersverslag ..... 5

Stellemploy se Stigtingsverhaal ..... 7

Waardering vir Bekwame Personeel ..... 10

Hoof Uitvoerende Beampte se verslag oor 30 Hoopgewende Jare ..... 12

Finansiële Verslag ..... 24

Erkenning van ons Instaatstellers ..... 25

# Visie en Missie

## VISIE

*Om die armoedesiklus in die ontwikkelende gemeenskap in die Groter Stellenbosse Munisipale Gebied te help verbreek deur die oorsake van werkloosheid te bestry en aanstelbaarheid te verbeter.*

## MISSIE

*Die toerusting van werksoekers met toepaslike tegniese en lewensvaardighede en hulle daardeur te bemagtig om werksgeleenthede uit te soek en te benut.*

## UITKOMSTE

(sosiale impak waarna ons streef)

- **Vakleerlinge en ander werksoekers kry sinvolle werk.**
- **Vakleerlinge ervaar persoonlike transformasie (eiewaarde; aanvaar verantwoordelikheid vir hulself).**
- **Vakleerlinge word positiewe veranderingsagente in hul gemeenskap.**
- **25% vakleerlinge word toegerus en in staat gestel om die armoedesiklus te breek.**

# Die Direksie

**Jan van Zyl**
Voorsitter

**Dwight Bourbon-Leftley**
Tesourier

**Linda Jacobs**

**Virginia Jumat**

**Jacques Steyn**

## PERSONEEL

**Betta Augustyn**
Hoof Uitvoerende Beampte

**Gaino Segers**
Kantoorbestuurder

**Chavon Theunis**
Ontvangsdame

# Voorsittersverslag

*Stellemploy vier vanjaar 30 jaar van diens aan die gemeenskap – drie dekades van hoop, geleenthede en volgehoue toewyding aan werkskepping en vaardigheidsontwikkeling.*

Oor die jare het meer as 3 000 werklose mense deur ons opleidingsprogramme gegaan en waardevolle vaardighede aangeleer. Hierdie opleiding het vir baie die deur oopgemaak na volhoubare werk, sodat hulle met trots hul gesinne kan onderhou en 'n beter toekoms kan bou.

'n Spesiale dankie aan Betta Augustyn en Gaino Segers, die hoof uitvoerende bestuurder en kantoorbestuurder wat die organisasie onderskeidelik 28 en 27 jaar met toewyding en onderskeiding dien. Ons waardering ook aan Chavon Theunis, ons bekwame ontvangsdame wat die studente soggens stiptelik ontvang en seker maak dat almal veilig op die taxi kom wat na die opleidingsentrum toe vertrek vir die dag se opleiding. Aan Dwight Bourbon-Leftley, tesourier en direkteur wat die organisasie se boekhouding sedert 2000 bestuur, 'n opregte woord van dank.

Aan ons dosente en vaardigheidsopleiers – julle het 'n onmeetbare verskil gemaak. Deur julle toedoen het talle studente 'n nuwe pad gevind en hul plek in die arbeidsmark ingeneem.

Ons eer alle voormalige voorsitters en direkteure wat oor die jare met wysheid, toewyding en deernis leiding geneem het. Julle het die grondslag gelê waarop Stellemploy steeds groei.

Laastens – 'n opregte dankie aan al ons donateurs en ondersteuners. Sonder julle sou hierdie pad nie moontlik gewees het nie.

**Mag ons voortgaan om saam nuwe drome te help realiseer.**

*Jan van Zyl*
**Stellemploy direksievoorsitter**

**"Drie dekades van hoop, geleenthede en vaardigheidsontwikkeling."**

**Besorgdheid oor groeiende armoede het Stellenbosse kerkgenootskappe in 1994 byeengebring om ’n oplossing te vind.**

**Ds Jaco Coetsee, stigtersvoorsitter, vertel hoe Stellemploy tot stand gekom het.**

# Stellemploy se Stigtingsverhaal

## Stellenbosse belangegroepe soek saam oplossings

Groeiende armoede, werkloosheid en die gevolglike maatskaplike uitdagings op Stellenbosch was terugkerende besprekingspunte by die Raad vir Kerklike Samewerking (RKSS) se vergaderings. In ’n poging om oplossings te bedink word ’n interkerklike Diakonale Kongres by die NG-Gemeente Welgelegen, Dalsig, in Junie 1994 onder die beskerming van die RKSS gehou. Die meeste kerkgenootskappe op Stellenbosch se kerkleiers en diakens het die kongres bygewoon.

Voortspruitend uit die kongres word ’n Simposium oor Gemeenskapswerkskepping in die VG-Kerksentrum in Cloetesville op 28 Augustus 1994 gehou wat wye belangstelling lok. Belanghebbende lede van die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Loopbaanonderwys en Departemente Sosiologie en Landbou-ekonomie het referate gelewer. Sakeleiers en verteenwoordigers van die PICK (Pniel, Idasvallei, Cloetesville, Kylemore) Leraarskring, ’n werkskeppingsprojek in Kayamandi, CARRS College, Bergzicht Opleidingsentrum, USKOR, MUPP (Marginalised and Unemployed Peoples Project), die RKSS, Diakonale Dienste Stellenbosch (DDS), die Departement Korrektiewe Dienste, Kindersorg, Technopark en gemeenskappe in Kayamandi, Cloetesville en Idasvallei het die kongres bygewoon. Selfs lede van die plaaslike owerheid was nieamptelik teenwoordig.

Samesprekings tussen hierdie belangegroepe verteenwoordigend van Stellenbosse gemeenskappe het werkloosheid as die dringendste probleem op die dorp geïdentifiseer. Op voorstel van prof Cornie Groenewald van die Departement Sosiologie, Universiteit Stellenbosch, word besluit om iets soos ’n arbeidsburo vir Stellenbosch te stig.

## Die stigting en benoeming van ’n Artikel 21-maatskappy

’n Voortsettingskomitee wat aanvanklik by die Diakonale Kongres aangewys is en daarna by die Simposium oor Gemeenskapswerkskepping uitgebrei is, het vanaf September 1994 onverpoosd gewerk aan die oprigting van ’n arbeidsburo.

Die konstituering van die arbeidsburo vind plaas op 28 Maart 1995 in ’n gemeenskapsvergadering by die Koetsiershuis op die Braak, die kerkkantoor van die St Mary’s Anglican Church Stellenbosch. Daar word besluit om nie ’n welsynsorganisasie te stig nie, maar wel ’n Artikel 21-maatskappy. ’n Stigtersdireksie bestaande uit Jaco Coetsee, Lydia Burger, Jo Coetzee, Cornie Groenewald, Willie Walbrugh, Louis Menziwa, Edward Gonzalves en Louis Scheepers word aangewys.

Dit was moeilik om ’n geskikte naam te kry voor goedkeuring by die staat en die direksie moes aanvanklik maar tevrede wees met die ietwat lompe naam van Stellenbosch Werkgewer Werknemer Skakelkantoor. Op 18 Augustus 1995 word ’n Artikel 21–maatskappy onder die naam Stellenbosch Werkgewer Werknemer Skakelkantoor met registrasienommer 95/08609/08 geregistreer.

In die loop van 1995 word allerlei handelsname op verskeie vergaderings voorgestel. Uiteindelik besluit ons op Stellemploy soos voorgestel deur mnr Louw, Stellenbosch Munisipaliteit se afgevaardigde. Die naam is die eerste keer amptelik vir ’n vergadering op 17 Julie 1995 in die Koetsiershuis gebruik.

## Stellemploy rig kantoor in

Volgens ’n ooreenkoms met Diakonale Diens Stellenbosch (DDS) is Jo Coetzee, ’n maatskaplike werkster, deeltyds in diens van die kantoor aangestel en om die helfte deur Stellemploy en die DDS betaal. Susan Bongani van Kayamandi is vir twee oggende per week aangestel. Vrywilligers het van tyd tot tyd die kantoor help beman, waaronder Lydia Burger en Kobus du Toit. In 1996 is Hannes Smit as vrywillige bestuurder vir ’n tydperk van drie maande aangestel met die doel om hoofsaaklik aan bemarking aandag te gee, maar ook aan die bestuur van die kantoor.

’n Kantoorruimte word teen ’n baie billike tarief by AP Lubbe in sy ou skoenfabriek in Pappegaairantweg gehuur. Meubels is alles ontvang deur skenkings, o.a. van Ou Mutual en USKOR. Herstelwerk aan meubels, asook die insit van deure, is gratis deur mnr Dos Blok gedoen. Die kantoor beskik oor telefone en ’n fotostaatmasjien wat USKOR op bruikleen verskaf. Rekenaars sou later aangeskaf word.

Teen die einde van 1996 besluit die direksie om ’n uitvoerende beampte aan te stel.

| Verkose direksielede soos op 11 Junie 1996 | |
|---|---|
| Lydia Burger | USKOR |
| Ds Jaco Coetsee (Voorsitter) | VG Kerk |
| Jo Coetzee (Sekretaresse) | Diakonale Dienste |
| Prof Cornie Groenewald | Departement Sosiologie, Universiteit Stellenbosch |
| Dr Theo Kleynhans | Departement Landbou-ekonomie, Universiteit Stellenbosch |
| Willem Loubser | NG Kerk |
| Prof Bethel Muller | NG Kerk |
| Neil Slabbert | Ouditeur |
| Dup Venter | Ou Mutual, Moederkerk |
| Eerw Wally Walbrugh | Roomskatolieke Kerk |
| M Windvogel | Sakesektor |

## Die aanstelling van ’n uitvoerende beampte

Betta Augustyn, gekwalifiseer in vervoerekonomie en maatskaplike werk, word met ingang Februarie 1997 as uitvoerende beampte aangestel — aanvanklik vir ’n jaar in ’n halfdagpos. Sy is later vas aangestel en gaan voort om die bedryf indringend te herstruktureer. Gaino Segers word in 1998 as administratiewe beampte aangestel.

In die verslag, wat hy op in Augustus 1997 lewer, rapporteer die voorsitter saaklik oor die nuwe uitvoerende beampte:

*“Haar aanstelling het onmiddellik ‘n groot impak op die funksionering van die kantoor gemaak en werksaamhede kon met rasse skrede vooruitgaan.”*

Die woorde “groot impak” en “rasse skrede” vertel nie die helfte van die storie nie! ’n Deel van die impak sedert haar aanstelling word weergegee in die syfers, foto’s en grafieke in hierdie verslag, wat die groei in werksaamhede toon, die toename in fondse tot miljoene, die opleiding en werksgeleenthede vir duisende. Dit alles het inderdaad met rasse skrede vooruitgegaan van dekade tot dekade sodat Stellemploy vandag ’n gerekende instelling op Stellenbosch is.

## Befondsing as instaatsteller

Omdat die projek deur die kerke geïnisieer is, was dit aanvanklik afhanklik van deelnemende kerke vir befondsing. Dit het gou geblyk nie genoegsaam te wees nie en Hannes Smit is vir 'n tydperk aangestel om bemarking en fondswerwing by maatskappye te doen. Vir 'n kort tyd is probeer om gelde met registrasiefooie in te kry, maar dit was 'n druppel in die emmer.

Aan die begin het Het Jan Marais Nationale Fonds 'n deurslaggewende rol gespeel, asook onder andere 'n staatstoekenning van R29 000. Betta Augustyn het 'n aansienlike deel van haar tyd aan fondswerwing spandeer. Mettertyd is fondse selfs van Switserland ontvang en, danksy haar, het Stellemploy vandag 'n gevestigde finansiële basis.

**"Betta en Gaino is 'n simbiotiese werkspaar wat mekaar al vir dekades aanvul om van Stellemploy die sukses te maak wat dit is. "**

## Hoe ek Betta Augustyn sal onthou

Agter dit alles sit die MENS, Betta. Soos ek haar leer ken het en wie sy vandag nog is, net dieselfde Betta.

Betta die ENTOESIASTIESE mens. Van die eerste oomblik af was haar entoesiasme aansteeklik, nuwe planne het die hele tyd oor haar lippe gerol, haar energie is skynbaar onuitputlik. Waar Betta is, is daar lewe, beweging, opwinding. Haar optimisme is onkeerbaar, probleme is uitdagings, haar glas is altyd halfvol indien nie aan die oorloop nie. Hierdie dryfkrag is een van die geheime agter die sukses van Stellemploy.

Betta die STORIE-mens. As jy vra hoe dit met Stellemploy gaan, vertel sy altyd 'n storie, om die waarheid te sê, 'n sak vol stories. Sy trek 'n mens op in haar stories. Jy wil meer hoor; die een storie is meer wonderbaarlik as die vorige. Stellemploy is nie 'n kantoor vol leggers nie, maar 'n biblioteek vol stories van wanhopiges wat nou 'n gesin kan onderhou, van ongeskooldes wat vakkundiges geword het, van wordende entrepreneurs wat die gees van Stellemploy verder dra. Van donateurs wat uit die skynbare niet 'n sak vol geld as't ware op haar lessenaar uitskud.

Betta die NAME-mens. Vir haar is niemand net 'n nommer op 'n kaartjie of 'n statistiek op 'n excel program nie. Sy ken haar mense. Sy vertel van hulle by die naam: Sandile het 'n barista geword by Oppiekoffie; Catherine het werk gekry by mev Kroukamp in Boomstraat; Elena van Swissfriends e-pos my nou die dag oor 'n donasie... Vir haar is mense persone met name, nie voorkoms, afkoms, herkoms nie. Dan ook geen wonder dat almal haar net "Betta" noem nie, Almal weet wie Betta is.

Maar ek kan nie aan Betta dink los van Gaino Segers nie. Hulle is 'n simbiotiese werkspaar wat mekaar al vir dekades aanvul om van Stellemploy die sukses te maak wat dit is. Gaino se hartlikheid, professionaliteit, stiptelikheid en, inderdaad, ook entoesiasme. Ons kan net dankbaar wees vir hierdie twee uitsonderlike mense wat soms vir 'n appel en 'n ei gewerk het, maar geglo het in die saak en hulle alles gegee het vir Stellemploy en die mense van Stellenbosch.

*Jaco Coetsee*

**Stigtersvoorsitter (1995–2007)**

# Waardering vir Bekwame Personeel

*In sy 2023-verslag as voorsitter verwys Hannes Koornhof na 'n bekende uitdrukking van die filosoof Friedrich Nietzsche wat hy ook nou, by sy uittrede as voorsitter, gepas vind wanneer hy sy waardering vir bekwame personeel uitspreek.*

Nietzsche se uitdrukking is al op baie kontekste van toepassing gemaak, maar ek dink nie daar is 'n beter beskrywing vir die volgehoue, entoesiastiese en professionele leiding wat Betta Augustyn vir die grootste deel van 30 jaar by Stellemploy gegee het nie as *"a long obedience in the same direction"*.

Betta is 'n maatskaplike werker wat haar ook bekwaam het op die terrein van gemeenskapsontwikkeling. En dit was hierdie twee aksente wat haar werk en ywer deurentyd benadruk het. Enersyds is daar by haar die passie om werklose jongmense die geleentheid te gee om te ontwikkel en 'n vaardigheid aan te leer wat vir hulle 'n loopbaan en nuwe lewe kan oopsluit. Andersyds is daar altyd by haar die deernis en omgee van die maatskaplike werker — elke student se situasie en welsyn maak regtig vir haar saak. Daarom is studente wat agtergeraak het nie maar net gelos nie. Saam met haar regterhand, Gaino Segers, doen sy groot moeite om hulle weer op te spoor en aan te moedig sodat hulle hul kursus sal klaarmaak.

Stellemploy vier vanjaar 30 jaar van dienslewering en uitnemende vaardigheidsopleiding. Hierdie volhoubaarheid en konsekwente kwaliteitsopleiding sou nie moontlik gewees het sonder Betta se entoesiasme en volharding nie. Haar insette by Stellemploy is by uitstek 'n voorbeeld van *"a long obedience in the same direction"*. Ons eer haar daarvoor in hierdie mylpaaljaar.

*Hannes Koornhof*

**Uitgaande voorsitter (2016–2024)**

**"...a long obedience in the same direction..."**

*- Friedrich Nietzsche*

## HOOF UITVOERENDE BEAMPTE SE VERSLAG OOR

# 30 Hoopgewende Jare

*Stellemploy is in 1995 deur kerkgenootskappe in Stellenbosch gestig uit deernis vir die armoede en maatskaplike uitdagings wat deur werkloosheid veroorsaak word. Betta Augustyn, hoof uitvoerende beampte vanaf 1997, vertel hoe Stellemploy vir werklose jongmense hoop geskep het.*

**Op 1 Februarie 1997 begin Stellemploy formeel met sy diens uit 'n nederige kantoor naby Du Toit-stasie.**

## 1997 (Feb)

### 'N KLEIN BEGIN

Op 1 Februarie 1997 meld ek aan by Stellemploy se nederige kantoortjie naby Du Toit stasie. Twee jaar tevore is Stellemploy as 'n niewinsgewende maatskappy deur die samewerking van Stellenbosse kerke op die been gebring om werklose mense te help werk soek. Alhoewel werksoekende persone aanmeld by die kantoor, het dit gou duidelik geword dat die diens nie toeganklik was vir werkgewers nie.

**Die kantoor trek na die Ou Lückhoff Skoolgebou en raak meer toeganklik vir werksoekers, werkgewers en donateurs.**

## 1997 (Aug)

### HOE SKEP ONS HOOP?

Die besef het posgevat dat kommunikasie vanuit die kantoor moes verbeter, die kantoor elke dag oop moes wees en dat werksoekers met vaardighede wat in die openbare mark in aanvraag is, toegerus moes word.

Deur die bemiddeling van dr Carel Antonissen, voorsitter van die Raad vir Kerklike Samewerking, en Willem Roos, fasiliteitsbestuurder by die Universiteit Stellenbosch, kon die kantoor in Augustus 1997, eers gratis en later teen 'n billike tarief, na die Ou Lückhoff Skoolgebou in Banghoekweg verskuif. Vandaar kon ek netwerke met werkgewers en donateurs begin ontwikkel. As niewinsgewende maatskappy maak ons staat op die goedgunstige hulp van donateurs en organisasies wat hul korporatiewe sosiale verantwoordelikheid ernstig opneem. Die kantoor was nou toeganklik vir werksoekers, werkgewers én donateurs.

Die media help ook om ons diens bekend te stel. 'n Positiewe artikel in die Eikestadnuus deur Elsabé Retief oor die plasing van 'n werksoeker by 'n gastehuis het 'n donateur se aandag getrek. Betsie Clüver stap kort daarna by ons kantoor in en oorhandig 'n tjek van R100 000 aan ons. Sy is stil-stil daar weg; sy wou dit anoniem hou. Stellemploy het hierdie geld altyd as sekuriteit behou en so 'n stewige fondament vir volhoubaarheid gelê. Daarna maak sy nog twee skenkings van R25 000 elk en in haar boedel laat sy 'n verdere R100 000 aan Stellemploy na. Stellemploy het by die familie toestemming gevra om haar naam in hierdie verslag te noem en kry die volgende terugvoering van Paul Clüver: *"Dankie vir dié stukkie geskiedenis; dit is so tipies van Tante Betsie! Noem haar asseblief in Stellemploy se geskiedenis."*

**Die eerste rekenaar word bekom en 'n databasis opgestel om plasings te bestuur.**

# 1998

## WERKPLASINGS NEEM TOE

Namate werkplasings toeneem, neem die administratiewe verantwoordelikheid in die kantoor ook toe. Die behoefte aan 'n rekenaar ontwikkel. Hier raak dit persoonlik: Die voorsitter van Helderberg Harriers Hardloopklub, Johan Augustyn, daag my uit om 'n half-marathon te hardloop vir 'n rekenaar! So bekom ons toe 'n rekenaar en kon ons Gaino Segers vroeg in 1998 aanstel om te help met die opstel van 'n databasis.

Paul Heys meld as 'n vrywillige werker by Stellemploy aan om ons te help om Artikel 18A-status te verwerf waardeur donasies en skenkings aan Stellemploy van belasting vrygestel kan word. Dit is gedoen om dit vir moontlike donateurs aantreklik te maak om geld vir Stellemploy te skenk.

**Met fondse van die Departement van Maatskaplike Dienste word die eerste rekenaar-vaardigheidskursusse aangebied.**

# 1998

## OPLEIDING BEGIN

In 1998 doen Stellemploy in samewerking met die Universiteit Stellenbosch se Matie Gemeenskapsdiens suksesvol aansoek vir opleidingsfondse by die Staatsdepartement van Maatskaplike Dienste. Met hierdie fondse word 25 werklose persone en vyf personeellede in rekenaarvaardighede opgelei.

Fondse vir opleiding dek egter nie die koste om die kantoor te bestuur nie. Stellemploy sukkel dus steeds om fondse te bekom om die kantoor se

administratiewe koste te dek. Dr Carel Anthonissen, ’n bekende akademikus en teoloog, se hulp word ingeroep. Hy slaag daarin om R22 000 in Denemarke onder kerkgemeenskappe te werf wat groot verligting bring.

*Dr Carel Anthonissen*

**Michiel le Roux bied drie jaar lank jaarlikse befondsing aan — ’n keerpunt vir die volhoubaarheid van die organisasie.**

# 1998-2000

## ’N VERRASSENDE WENDING

Einde 1998 kry Stellemploy ’n onverwagse besoek van ’n Stellenbosse sakeman, Michiel le Roux. Hy daag my uit: “Betta, as jy die volgende drie jaar die jokkie sal bly wat Stellemploy bestuur, is ek bereid om R20 000 per jaar vir die bestuur van die kantoor te skenk.” Hy doen sy woord gestand en na 28 en ’n half jaar is ek steeds hier. Na die periode van drie jaar verstryk het, het Cecile le Roux Stellemploy ’n verdere twee jaar met donasies van altesaam R15 000 ondersteun. Hierdie fondse kon aangewend word vir salarisse.

Die donasie van Michiel le Roux was ’n draaipunt in die funksionering van Stellemploy. Donasies is ook van The PSG Group ontvang. Nadat hierdie fondse ontvang is, kon meer tyd en energie aan fondswerwing vir opleiding bestee word.

Oor die volgende jare het Stellenbosch Munisipaliteit ook bydraes van tot R3 000 per jaar gemaak om die deure oop te hou. Die stigterskerke het steeds finansiële ondersteuning in hierdie stadium gebied. Anglo American Chairman’s Fund wat R25 000 aan Stellemploy geskenk het, was van die min fondse wat vir beide opleiding en die bestuur van die programme betaal het.

In 2002 is daar met die hulp van die direksie begin om gholfdae te reël vir fondsinsameling. Met die hulp van ’n kranige gholfspeler en organiseerder, Janet Nelson, kon Stellemploy R6 000 insamel. Het Jan Marais Nationale Fonds het ook R5 000 geskenk vir die bestuur van die kantoor wat die volgende jaar verdubbel is tot R10 000.

**Open Society en FirstRand Stigting finansier kursusse in rekenaar-, kook- en tuisvaardighede.**

# 1999–2001

## ’N DEURBRAAK MET OPLEIDING

Die eerste voorlegging vir fondswerwing buite Suid-Afrika se grense word einde 1999 aan Open Society, ’n Amerikaanse fonds, gerig. In die eerste semester van 2000 word Stellemploy in kennis gestel dat hulle aansoek vir befondsing van opleidingsprogramme suksesvol was. ’n Bedrag van R70 000 is aan Stellemploy toegestaan vir opleiding in rekenaarvaardighede.

’n Verdere bedrag van R10 000 is ook deur die FirstRand Stigting, ’n regsentiteit wat die FirstRand groep se sosiale beleggings hanteer, aan Stellemploy toegeken. Dit word opgevolg met ’n verdere R15 000 in 2001 en R20 000 in 2002. Met hierdie fondse kon rekenaar-, kook- en tuinkursusse aangebied word.

Aan die einde van 1999 het prof Jan du Toit van die Departement Bedryfsielkunde, Universiteit Stellenbosch, Stellemploy genader met die versoek om deel te neem aan die destydse Lungisa program wat ambagsvaardighede in die gemeenskap wou vestig. Stellemploy moes mense werf om as entrepreneurs opgelei te word in die bedrading van huise en die herstel van elektriese, huishoudelike toerusting. Die stigterskerke verskaf toebroodjies en sop aan die kursusgangers.

Hierdie samewerkingsooreenkoms het die deur tot ambagsopleiding vir Stellemploy oopgemaak. Die eerste kursus is deur Ken Lightfoot in die Ou Lückhoff Skoolgebou aangebied. Met hierdie geleentheid kon Stellemploy in 2000 dus sy doelwit bereik om opleidingsprogramme vir werksoekende persone aan te bied wat hulle met vaardighede toerus waarmee hulle op die ope arbeidsmark kon kompeteer.

In 2001 is Stellemploy ook suksesvol met ’n voorlegging aan die NDA (National Development Agency) vir befondsing vir opleiding. Hierdie fondse kon vir rekenaaropleiding aangewend word op ’n stadium waar min persone uit die ontwikkelende gemeenskappe die geleentheid gehad het om rekenaarvaardighede aan te leer. Gastehuise het egter van assistente verwag om op rekenaars te kan werk. Basiese rekenaarvaardighede het dus vir werksoekers werksgeleenthede besorg.

SSACI finansier ambagsopleiding en die restourasie van ’n ou skoolgebou op Groenhof plaas.

# 2002-2004

## FONDSWERWING VIR AMBAGSOPLEIDING EN ’N OPLEIDINGSENTRUM

In 2002 doen Stellemploy suksesvol aansoek by die Swiss South African Cooperation Initiatve (SSACI) vir fondse om ambagsvaardighede aan te bied. Hierdie projek het oor drie jaar gestrek. Stellenbosch Munisipaliteit het ingestem om ’n vertrek by Beltana beskikbaar te stel vir praktiese opleiding, aangesien Stellemploy nog nie self oor ’n fasiliteit beskik het nie. ’n Bedrag van R440 000 is toegeken vir opleiding tot 2004. Daar is met skrynwerkeropleiding begin. Donasies van hout is ontvang en verskeie kerke het die projek ondersteun met die verskaffing van toebroodjies aan die leerders. Lungisa het gehelp met die opleiding van die leerders. Uit die fondse is ook sweis-, verkoeling- en elektriese kursusse aangebied.

In Augustus 2004 nader Hennie Heyl van Distell vir Stellemploy om vas te stel of ons belang stel om ’n ou skoolgebou op Groenhof plaas as ’n opleidingsentrum in te rig. Wie sal dan nee sê vir ’n gebou met ’n uitsig op Simonsberg — soms selfs met sneeu bedek?

Die gebou was baie verwaarloos, maar ideaal om as ’n opleidingsentrum in te rig en ambagsmanne in die proses op te lei. Befondsing vir sodanige projek was problematies. Stellemploy nader weereens vir SSACI om befondsing. Hulle was nogmaals bereid om die projek te befonds. Daar word ’n ooreenkoms met SSACI aangegaan dat 96 persone opgelei sal word in die proses om die gebou te restoureer. Die projek is suksesvol afgehandel deur meer as 90 werksoekers in bou-, pleister-, skryn-, verf-, teël- en tuinwerk op te lei.

Die opleidingsentrum was nou ingerig vir ambagsopleiding, maar die opleidingskombuis was nog nie toegerus vir opleiding nie. Weereens is SSACI genader vir verdere opleidingsfondse. Met hierdie fondse is die opleidingskombuis ingerig om City & Guilds se geakkrediteerde kookkursusse in aan te bied. Alle fondse wat aan Stellemploy toegestaan is, moes gebruik word om die jeug op te lei in vaardighede wat hulle in die ope arbeidsmark kon gebruik.

Aangesien Stellemploy nou sy eie opleidingsentrum gehad het, kon die verskeidenheid van kursusse wat ons aanbied uitgebrei word. Ken Lightfoot, wat aktief by die Lungisa projek betrokke was, het Stellemploy gehelp om ’n opleier vir motorwerktuigkundiges en spuitverwers op te spoor. Hierdie is vaardighede waarmee werksoekers toegerus kan word om in hulle eie gemeenskappe te werk. Weereens was SSACI bereid om hierdie loodsprojek te finansier.

**Op 3 Oktober 2007 open Stellemploy sy eie sentrum, toegerus vir kook- en ambagsopleiding.**

# 2007

## DIE INWYDING VAN DIE STELLEMPLOY OPLEIDINGSENTRUM

Met trots kon ons die Stellemploy Opleidingsentrum op 3 Oktober 2007 open. Die geleentheid is bygewoon deur die Stellenbosch burgemeester, Lauretta Maree, SSACI, Distell, sakelui en verteenwoordigers van die Universiteit Stellenbosch. SSACI het die koste van die funksie gedra en 'n bedrag van R300 000 betaal vir nog 'n fase van opleiding. Noudat Stellemploy sy eie ingerigte kombuis gehad het, was PSG ook bereid om 'n donasie tot kookopleiding te maak. Stellemploy het 'n kontrak ter waarde van R1 300 000 by SSACI gekry om ambagsopleiding tot 2010 te doen.

*Vlnr: Jan Scannell, Lauretta Maree, Dwight Bourbon-Leftley, Ken Duncan, Jannie Mouton*

*Vlnr: Jan Scannell, Ken Duncan, Lauretta Maree, Hennie Heyl, Betta Augustyn*

**Die resessie druk befondsing af, maar nuwe donateurs en fondse bring verligting.**

# 2010-2011

## STELLEMPLOY KOM BY 'N KRUISPAD

In 2010 en 2011 het die resessie in Suid-Afrika Stellemploy se werksaamhede begin beïnvloed. Plasings het afgeneem en fondse vir opleiding het begin opdroog. Dr Bethel Müller was vanaf 2008 Stellemploy se direksievoorsitter en Dwight Bourbon-Leftley die tesourier. As Dwight moedeloos die state voorgelê het, het Oom Bethel net altyd gesê: "Jy moet glo, want Hy sal voorsien." Maar dit was moeilik om te glo as jy twee jaar na mekaar 'n verlies gely het! Dwight lag altyd as hy sê: "Oom Bethel het my meer as een keer verkeerd bewys." In 2011 het 'n anonieme donateur R500 per maand begin skenk. Nog 'n anonieme donateur skenk R50 000 en Het Jan Marais Nationale Fonds staan R110 000 aan Stellemploy toe. Albei anonieme skenkers en Het Jan Marais Nationale Fonds is vandag steeds gereelde donateurs van Stellemploy.

In Mei 2011 het Stellemploy 'n samewerkingsooreenkoms met Usiko gesluit vir die gebruik van die opleidingsentrum. Usiko is 'n organisasie wat fokus op jeugontwikkeling. 'n Behoefte het ontstaan om skoliere tydens skoolvakansies aan beroepsgerigte vakansieprogramme bloot te stel. 'n Kookkursus van drie weke is

vir skoliere aangebied en motorwerktuigkundige en spuitverfkursusse vir vroeë skoolverlaters. Stellemploy het fondse vir administrasie en huur ontvang wat broodnodig was op daardie stadium.

Algaande het projekvoorleggings meer suksesvol begin raak. Aansoeke by Fynbos Trust en die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit het fondse vir opleiding ingewin.

# 2011-2012

## 'N LOODSPROJEK VESTIG SJEFOPLEIDING

**Met Distell en SSACI se ondersteuning word die eerste City & Guilds-sjefkursus suksesvol geloods.**

Uit die assistentsjef-kortkursusse wat Stellemploy sedert 2009 aangebied het, het dit duidelik geword dat daar baie talent in die ontwikkelende gemeenskap van Stellenbosch is. Die grootste struikelblok was egter onvoldoende finansies om 'n kursus by een van die erkende kookskole te volg. Die baie talentvolle Marvin Robyn verduidelik: "Betta, met die kortkursus kan ons nie die werke kry wat ons wil hê nie. Ons het meer opleiding nodig."

Sjef Leta du Toit-October help om 'n oplossing te soek. Na 'n vergadering met die Institute of Culinary Arts (ICA) het hulle ingestem om Stellemploy as 'n satellietkampus te registreer waar studente 'n City & Guilds sjefsertifikaatprogram kan volg. Stellemploy moes self al die geldsake beheer.

Weereens moes Stellemploy befondsing soek vir die loodsprogram. SSACI het ingestem om R236 000 by te dra as nog 'n donateur aan boord kom. Na slegs een oproep het Distell ingestem om R80 000 by te dra. Nie alleen het die prinsipaal van ICA, Laetitia Prinsloo, ingestem om Stellemploy as 'n satellietkampus te registreer nie, maar sy was ook bereid om internskappe aan al die studente by hulle opleidingrestaurant op Stellenbosch, Apprentice, te bied.

Op 1 Augustus 2011 is daar met die eerste sjefkursus begin, wat deur sjef Leta en haar man, Selwyn October, aangebied is. Tien van die oorspronklike twaalf studente kwalifiseer in 2012 vir die City & Guilds Internasionale Sertifikaateksamen en almal slaag. Dit was 'n baie suksesvolle kursus waar al die kandidate werk gekry het. Vandag is Marvin Robyn in beheer van die Bistro by Grande Provence en Nolin Daniels staan aan die hoof van die kombuis by Elsenburg.

Die eerste Lotto-aansoek bring R300 000 in vir opleiding en salarisse.

# 2012

## SUKSES MET LOTTO-BEFONDSING

Hoewel die direksie aanvanklik baie daarteen gekant was dat Stellemploy vir Lotto befondsing aansoek doen, is daar tog toestemming verleen om voort te gaan met 'n aansoek. Die voordeel van die fonds was dat ons kon aansoek doen vir die koste van opleiding en kursusadministrasie. Die eerste aansoek was suksesvol. R300 000 is aan Stellemploy toegeken waarvan R90 000 vir salarisse gebruik kon word. Stellemploy kon met die opleidingsfondse kook-, tuin- en spuitverfkursusse aanbied.

Navorsing en projekte in Franschhoek beklemtoon die behoefte aan sjefs en ambagsopleiding.

# 2012-2013

## NOUER SAMEWERKING MET STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT

Aan die einde van 2012 kry Stellemploy 'n opdrag van die Stellenbosch Munisipaliteit om navorsing oor opleidingsbehoeftes in Franschhoek te doen. Wat duidelik aan die lig gekom het, is dat dié toeristedorp, wat bekend is vir sy restaurante, meer opgeleide sjefs nodig het. Die jeug het egter min belangstelling in sjefopleiding getoon. Daar moet beslis meer aandag aan beroepsvoorligting by skole gegee word. Dit help nie om te droom jy gaan 'n loods word met Wiskundige Geletterdheid in plaas van Wiskunde as 'n vak nie!

Die navorsing het ook getoon dat werkgewers 'n behoefte aan mense het wat instandhouding kan doen. 'n Vraag na ambagsopleiding het aan die lig gekom. Stellemploy het teen hierdie tyd oorgeskuif na Tjeka Training Matters as opleiers. Gawie Burger, die streeksbestuurder, het Stellemploy raad gegee oor die samestelling en aanbieding van kursusse wat CETA-geakkrediteerd was. Tjeka het Stellemploy dikwels tegemoet gekom met die betaling van materiaal- en opleidingskoste. Stellemploy het 2013 met drie opleidingsprogramme vir die Franschhoek gemeenskap afgesluit.

Stellemploy doen steeds vir die Stellenbosch Munisipaliteit opleiding van die jeug in ambagsvaardighede waarvoor ons gereeld moet tender. Na gesprekke tussen die Munisipaliteit en Raubex konstruksie het 'n paar van Stellemploy se loodgieterassistente in 2023 die geleentheid gekry om drie jaar lank hulle internskappe by Raubex te doen waardeur hulle as volledig opgeleide loodgieters kan kwalifiseer.

Remgro en Pay@ ondersteun nuwe kursusse en tegnologiese toerusting.

# 2014

## ONDERNEMINGS KOM HUL KORPORATIEWE SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID NA

In 2014 slaag Stellemploy daarin om met voorleggings aan besighede wat in sosiale ontwikkeling belê, meer fondse vir opleiding te werf. Remgro stem in om assistent-sjef-, verf- en tuinkursusse te befonds en is tot vandag toe 'n gewaardeerde projekbefondser. 'n Voorlegging aan Pay@ is ook suksesvol, wat Stellemploy in staat stel om broodnodige nuwe rekenaars en drukkers te koop.

The AALL Foundation en Amicus Trust herstel volhoubare befondsing vir die sjefprogram.

# 2016

## AMICUS TRUST BRING VIR STELLEMPLOY STABILITEIT

In 2016 meld dr Hannes Koornhof hom by Stellemploy aan. Hy is in beheer van Amicus Trust, 'n fonds wat direk met besighede skakel. Stellemploy is bevoorreg om een van die twee gemeenskapsprojekte te wees waartoe die Trust bydra.

Stellemploy pleit by dr Koornhof om ons te help om weer fondse vir die jaar lange sjefkursus te bekom. Die loodsprojek was uiters suksesvol en Stellemploy kon van verskeie suksesverhale getuig waar opgeleide sjefs werklik uit die armoedesiklus kon wegbreek. Die koste vir die opleiding is egter baie hoog en Stellemploy kon net nie weer befondsing kry nie.

Dr Koornhof reis na Londen en ontmoet een van The AALL Foundation se donateurs wat belange in Suid-Afrika het. Na 'n baie suksesvolle vergadering met die donateur kon Stellemploy die aanbieding van die sjefprogram hervat. Vandag befonds The AALL Foundation nie net die jaarkursus nie, maar ook een van die assistentsjefkursusse wat jaarliks aangebied word.

Stellemploy verkies dit om 'n internasionaal geakkrediteerde kursus aan te bied wat dit moontlik maak vir ons sjefs om in die buiteland ook te werk. Tans werk twee van ons oudstudente byvoorbeeld in Dubai.

Teen die einde van 2016 neem Hannes Koornhof die voorsitterskap by Dwight Bourbon-Leftley oor wat meer gemaklik is om die rol van tesourier te vervul.

Meer donateurs word aan boord gebring vir waardevolle vaardigheidsopleiding. Dr Edwin Hertzog stel fondse beskikbaar vir lewensvaardigheidskursusse wat nou met alle vaardigheidskursusse gekombineer word. Hierdie kursus is nie net waardevol vir die studente nie, maar Stellemploy rig ook versoeke aan die opleier om, waar nodig, konflik of ander probleme binne en tussen groepe te hanteer.

Die Jannie Mouton Stigting begin Stellemploy ook ondersteun deur die donateur vir die elektriese kursus, wat reeds vir baie werksoekers toegang tot die arbeidsmark verseker het, te word. Baie van Stellemploy se studente het na elektriese opleiding werk by die Universiteit Stellenbosch, elektriese maatskappye en Stellenbosch Munisipaliteit gekry. Stellemploy finansier tans vier kandidate wat die assistentelektrisiënkursus gevolg het en drie jaar praktiese ervaring het. Hulle het reeds die gevorderde teoretiese eksamen afgelê. Sodra hulle hul finale praktiese eksamens afgelê het, kan hulle vanjaar as elektrisiëns kwalifiseer. The PSG Group BEE EducationTrust is ook een van Stellemploy se gereelde donateurs vir elektriese opleiding.

Amicus Trust se ondersteuning vergemaklik Stellemploy se beplanning vir die jaarlikse aanbieding van kursusse.

**Stellemploy skakel oor na Highfield Qualifications; die pandemie stel uitdagings maar opleiding gaan voort met streng protokol.**

# 2018-2020

## AKKREDITASIE EN COVID STEL UITDAGINGS

Stellemploy bied slegs geakkrediteerde kursusse aan. Tot 2018 het City & Guilds ons gasvryheidskursusse geakkrediteer. Stellemploy het die kursusse as ’n satelliet-kampus van ICA aangebied. City & Guilds besluit egter om die jaarkursus te skrap.

Twee gewese moderators van City & Guilds registreer by ’n ander Britse opleidingsinstansie, Highfield Qualifications, wie se hoof in Afrika, June Steenekamp, Stellemploy aanmoedig om as ’n onafhanklike Highfield Qualifications opleidingsentrum te registreer. Met die toestemming van die donateur en onder die leiding van June Steenekamp registreer Highfield Qualifications Stellemploy as ’n sentrum vir die aanbieding van die voedselverwerkingkursusse en neem ook die akkreditasie van die kursusse oor.

Heeltemal onverwags, vroeg in 2020, kondig die Wêreldgesondheidsorganisasie die verskyning van ’n nuwe, hoogs aansteeklike coronavirus aan, Covid-19. Op 15 Maart kondig president Ramaphosa ’n nasionale staat van inperking af om die Covid-19-pandemie te stuit. Die eerste vlak van inperking verbied alle aangesig-tot-aangesig onderrig en selfs reis word streng beperk. Stellemploy kon daarin slaag om weer in Julie 2020 met opleidingsprogramme voort te gaan in ’n stadium toe die land op vlak-3 van die inperkingsperiode was. Stellemploy het vroegtydig Covid-19-protokol vir opleiding ingestel deur al die sanitasieprodukte, apparaat en maskers betyds aan te koop. Sjef Leta du Toit-October is as ’n gesondheidsfasiliteerder opgelei om seker te maak dat protokol by die opleidingsentrum gehandhaaf word. Ons is trots daarop dat geen Covid-19-gevalle by enige van ons opleidingsprogramme voorgekom nie.

In 2023 tref nog ’n akkreditasieskok vir Stellemploy toe die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding alle vaardigheidskursusse wat deur SETA-geakkrediteer word, skrap. Slegs kursusse wat deur QCTO (Quality Council for Trades & Occupation) geakkrediteer word, mag nou aangebied word. Die voordeel wat dit bo ’n SETA-kwalifikasie inhou, is dat vaardighede oor die hele sektor gestandaardiseer word. Kwalifikasies wat dus in een sektor verwerf word, word deur die ander sektore erken.

Die probleem was dat daar vir die meeste kursusse wat Stellemploy aangebied het nog nie ekwivalente QCTO-geakkrediteerde kursusse was nie. Stellemploy moes dus sy opleidingsprogram aanpas en donateurs wat reeds fondse beskikbaar gestel het vir spesifieke kursusse nader om toestemming te vra of hy die fondse na ander kursusse mag oorskuif.

’n Nuwe nutsmankursus is ontwikkel. Stellemploy het Remgro genader om die loodsprojek te finansier. Die nuwe leerplan het basiese vaardighede in veiligheid by die werksplek, verf-, bou-, loodgieter-, teël-, elektrisiteit- en skrynwerk gedek. Daar is ook aandag gegee aan die hantering en herstel van gereedskap. Die kursus was so suksesvol dat al 14 die studente direk na voltooiing van die kursus in internskappe op ’n bouperseel van Raubex by Newinbosch geplaas kon word. Die Departement van Openbare werke het vir elke student R200 per dag betaal. Almal kon dus R4 000 per maand verdien. Een kandidaat het gou ’n permanente aanstelling gekry waar hy R10 000 per maand kon verdien. Hierdie proses is deur Tjeka en Stellemploy gefasiliteer.

By die Jannie Mouton Stigting is toestemming verkry om fondse vir ’n loodgieterskursus na ’n elektriese kursus te skuif aangesien die loodgieterskursus nog nie op vaardigheidsvlak geakkrediteer was nie. Die samewerking en ondersteuning van ons privaat donateurs het daartoe gelei dat daar geen onderbreking in Stellemploy se opleidingsprogram was nie. Vaardigheidsopleiding is noodsaaklik vir die jeug om suksesvol te kan meeding om die beskikbare betrekkings op die arbeidsmark.

Stellemploy is dankbaar dat sy sjefkursus ’n buitelandse akkreditasie het en die sjefprogram daarom nie ontwrig is nie. Studente vir die jaarkursus word gekies uit twee kortkursus wat op vaardigheidsvlak aangebied word. ’n Tydelike ontwrigting sou die jaarkursus tot stilstand gebring het.

# 2025

## DANKBAARHEID TEENOOR ONS WELDOENERS

*Eerstens wil ek die kerke bedank wat met die inisiatief vorendag gekom het om 'n projek aan te pak waar werknemers en werkgewers by mekaar kon uitkom.*

Kerke was ook aanvanklik die donateurs wat Stellemploy se deure oopgehou het. Om werkloosheid sinvol in die ontwikkelende gemeenskap te beredder, moes aandag aan opleiding gegee word. Daarvoor kan ons ons donateurs wat die administrasie en opleiding befonds het, net nie genoeg bedank nie. 'n Hele paar van ons donateurs verkies om anoniem te bly. Met hulle toestemming bedank Stellemploy vir Michiel le Roux en sy eggenote, Betsie Clüver (haar familie het na haar dood toestemming gegee dat haar naam gebruik mag word), en dr Edwin Hertzog.

Ek gee ook erkenning aan wyle Hennie Heyl wat Stellemploy in kontak met Distell gebring het. Distell het 'n skoolgebou aan Stellemploy beskikbaar gestel vir opleiding en het voedselbereidingkursusse gefinansier. Baie dankie aan al die fondse wat 'n groot verskil aan die diens wat Stellemploy kan lewer, gemaak het. Ek wil nou Jaco Coetsee se woorde gebruik: "Daar is mense betrokke by die besluite wat geneem word."

### Ons is dankbaar oor die ruimhartige bydraes van die volgende organisasies:

- **Het Jan Marais Nationale Fonds** wat die meeste van Stellemploy se administratiewe koste gedek het.
- **SACCI** wat 'n reusebydrae gemaak deur Stellemploy te help om die opleidingsentrum in te rig en ambag- en sjefopleiding op die been te bring met ruimhartige finansiering.
- **Open Society** en **FirstRand Foundation** wat in Stellemploy se beginjare rekenaaropleiding gefinansier het toe rekenaars nog nie algemeen beskikbaar was nie.
- **Pay@** wat befondsing vir rekenaars vir Stellemploy beskikbaar gestel het in 'n stadium toe daar nog nie befondsing vir kantoortoerusting beskikbaar was nie.
- **Remgro** wat assistentsjef- en ambagopleiding befonds het.
- **Amicus Trust** wat onder leiding van Hannes Koornhof deure vir Stellemploy na verskeie donateurs oopgemaak het.
- **The AALL Foundation** wat dit vir Stellemploy moontlik gemaak het om die opleiding van sjefs te hervat.
- Die **Jannie Mouton Stigting** en The **PSG Group BEE Education Trust** wat dit moontlik gemaak het om studente in elektriese vaardighede op te lei en te help om as elektrisiëns te kwalifiseer.
- **Clüver Markotter** wat Stellemploy nie net gehelp met ons regsdokumente nie, maar ook 'n jare lange donateur is.

Stellemploy bedank ook graag Stellenbosch Munisipaliteit vir hulle finansiële ondersteuning waardeur hulle erkenning gee aan die diens wat Stellemploy aan die plaaslike gemeenskap lewer.

'n Spesiale woord van waardering aan ons tesourier, Dwight Bourbon-Leftley, wat sedert 2000 betrokke is by Stellemploy in verskillende rolle, en aan Mattie van der Merwe wat ons verslae en voorleggings taalversorg. Laastens, 'n spesiale dank aan ons ouditeure, Crowe HZK (BSO ingesluit), wat bereid is om ons finansiële state onder hulle gebruiklike tariewe te oudit.

Deur die bemagtiging van sy getroue ondersteuners kon Stellemploy hoop aan talle werksoekende jongmense bied. Ons vier die sukses van al die jongmense wat oor drie dekades van relevante vaardigheidsopleiding gebruik kon maak om uit die armoedesiklus te breek.

*Betta Augustyn*

**Hoof uitvoerende beampte**

# Finansiële Verslag

Dis vir my 'n groot plesier om verslag te doen oor Stellemploy se finansiële resultate wat die jaar afgesluit het met 'n surplus van R262 341. Dit is minder as die vorige jaar se surplus van R490 630. Die maatskappy se totale opgehoopte reserwes soos op 28 Februarie 2025 staan op R2,654 miljoen. As gevolg van surplusse wat oor die afgelope paar jaar opgehoop het, kon die Direksie R254 379 hiervan oordra na 'n opleidingsreserwe . Hierdie reserwe word opsygesit vir toekomstige opleidingsbehoeftes.

Ons inkomste het met 3% afgeneem tot R3,374 miljoen. Projek- en donateuruitgawes het met 5% toegeneem tot R3,279 miljoen. Ander bedryfsuitgawes het met 5% afgeneem tot R215 170. Rente vir die jaar het met 12% toegeneem tot R382 591 en word toegeskryf aan hoë gemiddelde bankbalanse teenoor die vorige jaar.

*Laastens, wil ek graag al die donateurs bedank vir hul lojale ondersteuning. Sonder hulle sou ons nie in staat gewees het nie om ongeskoolde mense wat nie kan werk kry nie, op te lei.*

Julle bydraes word opreg waardeer. Baie dankie.

*Dwight Bourbon-Leftley*

**Tessourier**



# Erkenning van ons Instaatstellers

*Die ondergenoemde instaatstellers, in historiese volgorde, het Stellemploy oor die afgelope 30 jaar getrou bygestaan met befondsing en ander bydraes. Ons opregte dank vir julle meelewing en lewensveranderende bydraes:*

- Plaaslike kerke
- Betsie Clüver
- Michiel le Roux
- Dr Edwin Hertzog
- Open Society
- First Rand Stigting
- Lungisa
- National Development Agency
- National Lotteries Commission
- Het Jan Marais Nationale Fonds
- Anglo American Chairman's Fund
- Swiss South African Cooperation Initiative
- Fynbos Trust
- Distell
- Rupert Stigting
- Remgro Bestuursdienste
- Cluver Markotter
- PSG Corporate Services
- PSG Group BEE Educational Trust
- Stellenbosch Horticultural Society
- Bafazi
- Santhagen Trust
- Conrad N Hilton Fund for Sisters
- Pay@
- Stellenbosch Munisipaliteit
- Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit
- Institute of Culinary Arts
- Amicus Trust
- The AALL Foundation
- Jannie Mouton Stigting
- Private donateurs wat anoniem wil bly

**"Ons opregte dank vir julle meelewing en lewens-veranderende bydraes."**

Ou Lückhoff Skool, Banghoekweg 11, Stellenbosch

021 886 6993

info@stellemploy.org

076 179 3854 (slegs whatsapp — geen oproepe)

www.stellemploy.org